



DIE

REG OM TE

KOMMUNIKEER



RIGHT2KNOW

**AKTIVISTE-
GIDS**



As jy van 'n selfoon, telefoon of die internet afhanklik is om te kommunikeer, maar jy het nooit genoeg lugtyd nie of ondervind probleme met netwerkverbindings, en jy wil iets aan die saak doen, dan is hierdie gids vir jou.

Ons reg om te weet (*right to know*) sal nooit voltooi wees as ons stryd beperk bly tot die verkryging van inligting nie. Ons moet aanhou stry om te verseker dat inligting vrylik binne die gemeenskap beskikbaar is sodat die grondslag van ons sosiale dialoog kan verdiep en sosiale, ekonomiese en omgewingsgeregtigheid bevorder kan word. Ons reg om te kommunikeer - om inligting en menings te ontvang en dit te deel - is waaroor ons reg om te weet gaan.

As mens die tekort aan mediaverskeidenheid – veral buite ons stede – in ag neem, is dit bemoedigend dat 82.9% van mense wat in Suid-Afrika woon reeds toegang tot selfone het en dat hierdie getal besig is om toe te neem. Hierdie hoë persentasie van selfoontoegang kan beskou word as 'n gulde geleentheid vir die bevordering van ons reg om te weet. Deur middel van die selfoon word al die voordele van die internet se potensiaal om gelykheid te skep ontgin. Dit sluit in om uit 'n magdom van kennis te kan put en om inhoud te produseer en af te laai wat seggenskap kan gee aan die gemarginaliseerdes in die samelewing.



Die Reg om te
Kommunikeer
deur Right2Know
Is gelisenseer onder 'n
Creative Commons
Attribution-NonCommercial-
ShareAlike 3.0 Unported-
lisensie

Januarie 2013

Kontak Right2Know

Community House
Soutrivierweg 41
Soutrivier, Kaapstad
7925, Suid-Afrika

Telefoon 021 447 1000
Faks 086 551 8879
E-pos info@r2k.org.za
Web www.r2k.org.za

Die Reg om te Kommunikeer



RIGHT²KNOW

Aktivistegids

INLEIDING	1
-----------	---

Waarom is hierdie gids nodig?

Vryheid van uitdrukking, toegang tot inligting en die reg om te kommunikeer	2
---	---

AFDELING EEN	3
--------------	---

Geskiedenis van die reg om te kommunikeer in Suid-Afrika

Die kommunikasielandskap onder apartheid	5
Die oorgang na demokrasie en kommunikasietransformasie	5
Ten slotte	8

AFDELING TWEE	10
---------------	----

Die huidige stand van die reg om te kommunikeer in Suid-Afrika

Die probleem van bekostigbaarheid	11
Super-winsneming: SMS'e	14
Ontleding van die probleem	16
Ten slotte	21

AFDELING DRIE	23
---------------	----

Die veldtog vir die reg om te kommunikeer

Versterking van kommunikasieregulasies- die rol van Okosa	28
Hoe om hierdie instansies in te span as deel van 'n groter veldtogstrategie	30

VERWYSINGS	31
------------	----

Waarom is hierdie gids nodig?

Wat dink jy van selfoonmaatskappye soos Vodacom, MTN, Cell C en 8ta? Voel jy dat hulle 'n goeie diens lewer? Jy het seker al ondervind dat jou oproep afgesny word, of dat jy glad nie opvangs kan kry nie.

En al kry jy opvangs, kan jy die lugtyd bekostig? Hoe dikwels moes jy al kies tussen geld op lugtyd spandeer vir 'n belangrike oproep wat jou moontlik 'n werksgeleentheid of studiegeleentheid kan meebring, of om dit op noodsaaklikhede soos kos te spandeer? Wanneer jy 'n selfoon gekoop het, hoe lank hou dit voordat dit breek? Kan jy toegang tot die internet bekostig, om byvoorbeeld Facebook te gebruik om met jou vriende te kommunikeer? As jy polities aktief is, hoe maklik of moeilik is dit vir jou om te kan organiseer deur 'n selfoon te gebruik? Moet jy op *missed calls* of *please call me's* staatmaak omdat jy nie lugtyd kan bekostig nie? En indien dit die geval is, hoe doeltreffend is jou organisering?

Ons reg om te weet (*right to know*) sal nooit voltooi wees as ons stryd beperk bly tot die verkryging van inligting nie. Ons moet aanhou stry om te verseker dat inligting vrylik binne die gemeenskap beskikbaar is sodat die grondslag van ons sosiale dialoog kan verdiep en sosiale, ekonomiese en omgewingsgeregtigheid bevorder kan word. Ons reg om te kommunikeer - om inligting en menings te ontvang en dit te deel - is waaroor ons reg om te weet gaan.

Hierdie gids dek die volgende:

- Die geskiedenis van die reg om te kommunikeer in Suid-Afrika: hoekom lyk die kommunikasielandskap soos wat dit lyk?
- Die huidige stand van die reg om te kommunikeer in Suid-Afrika: waarom is dit so duur en waarom is die internet steeds so ontoeganklik?
- Veldtogidees vir die reg om te kommunikeer

Vryheid van uitdrukking, toegang tot inligting en die reg om te kommunikeer

Kommunikasie is 'n integrale deel van menswees aangesien ons van nature sosiale wesens is. Tegnologiese ontwikkelings het dit vir ons makliker gemaak om met mekaar te kommunikeer. Toe die telefoon in die negentiende eeu uitgevind is, het dit beteken dat mense oor lang afstande met mekaar kon kommunikeer. Meer onlangse uitvindings soos die selfoon en internetgebaseerde sosiale mediadienste soos Facebook en Twitter maak dit teoreties moontlik vir mense om enige tyd en vanaf enige plek met mekaar in kontak te bly.

Volgens Suid-Afrika se Grondwet het elkeen die reg op vryheid van uitdrukking, wat insluit –

- (a) die vryheid van die pers en ander media;
- (b) die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra;
- (c) die vryheid van artistieke kreatiwiteit; en
- (d) akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.

Die Grondwet waarborg ook die reg van toegang tot inligting. Daarvolgens het almal die reg van toegang tot:

- (a) enige inligting wat deur die staat gehou word; en
- (b) enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte nodig word.

Die Grondwet bepaal ook dat nasionale wetgewing geïmplementeer moet word om hierdie reg te laat geld, en kan voorsiening maak vir redelike maatstawwe om die administratiewe en finansiële druk op die staat te verlig. Die Wet wat aanvaar is en wat uitvoering gee aan hierdie reg is die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting.

Dit is duidelik nie moontlik om inligting of menings te ontvang of te deel as kommunikasiekoste te hoog is of netwerke ontoeganklik is nie. Daar is dus 'n sterk saak te maak daarvoor dat vryheid van spraak en toegang tot inligting ook toegang tot kommunikasiemiddele moet insluit. Daarom is dit jou grondwetlike reg om aanspraak te maak op algemene kommunikasiedienste wat toeganklik, beskikbaar en bekostigbaar is.

Alhoewel Suid-Afrika se Grondwet nie uitdruklik erkenning daaraan gee nie, veg kommunikasie-aktiviste dikwels vir 'n groter 'reg om te kommunikeer'.

Dit sluit nie slegs die reg tot vryheid van uitdrukking in wat jou vryheid van spraak waarborg nie, maar vereis ook die reg van toegang tot kommunikasiemiddele. Wanneer daar nie toegang tot kommunikasiemiddele bestaan nie, kan die reg tot vryheid van spraak baie gou 'n reg word wat slegs beskore is vir die media of vir diegene met toegang tot die hulpbronne. Die reg tot kommunikasie pak hierdie kwessies aan.

AFDELING EEN

Geskiedenis van die reg om te kommunikeer in Suid-Afrika

Die kommunikasielandskap onder apartheid

In die dae van apartheid toe selfone en die internet nog nie bestaan het nie, het mense op landlyntelefone staatgemaak vir kommunikasie. Telefone is deur 'n geïntegreerde semistaatsinstansie, die Suid-Afrikaanse Pos- en Telekommunikasiewese (SAPT) voorsien. Tydens apartheid het die kommunikasielandskap blanke gebiede bevoordeel, wat deel was van die regering se beleid om dienste soos telefone, elektrisiteit en water universeel aan blankes beskikbaar te stel. Baie min telefone is aan die swart *townships* voorsien. Om die waarheid te sê, teen die 1980s was telefoontoegang vir swart gemeenskappe minder as 'n tiende van dié van blanke gemeenskappe. As deel van die destydse regering se beleid van werkreservering vir blankes het die SAPT ook baie beskermde werkgeleenthede aan hulle voorsien.

Hierdie stand van sake het vroeg in die 1990s begin verander toe die FW de Klerk-regering die verbod op politieke organisasies opgehef het en met groepe van die vryheidsbeweging begin onderhandel het. Met die besef dat die land dit nie meer kon bekostig om so intern gefokus te wees nie, het die regering begin om 'n neoliberaal beleid aan te neem om die ekonomie internasionaal meer kompetender te maak. Dit het die kommersialisering van sleutel-staatsinstansies ingesluit sowel as die voorbereiding vir privatisering, sodat hulle internasionaal kon kompeteer. Onder apartheid was dit egter nie moontlik om neoliberalisme ten volle

LONG TALK TO FREEDOM

Right2Know, Kaapstad
27 Oktober 2012



aan te gryp nie aangesien sanksies Suid-Afrika verbied het om met ander lande handel te dryf. Verskeie lande het die sanksies egter geïgnoreer en voortgegaan om handel te dryf.

Dit was een van die sleutelfaktore wat De Klerk na die onderhandelingsstafel gedryf het. Die 'hervormdes' in die regering het besef dat hulle 'n onderhandelde skikking nodig het wat aan die land politieke legitimiteit sou verleen tydens die aftakeling van apartheid, maar met die versekering dat die oppergesag van die ekonomie grootliks in blanke hande sou bly.

Met die bekendstelling van die regering se neoliberalisme is die kommunikasiesektor ook geraak. Teen daardie tyd was die SAPT in die skuld omdat groot bedrae geld aan tegnologiese vooruitgang spandeer moes word terwyl die kliëntebasis klein gebly het. Die regering het toe besluit om pos- en telekommunikasiewese nie meer onder direkte regeringsbeheer te plaas nie, maar om dit meer markgerig en kommersieël te maak ter voorbereiding op privatisering. Dit het gelei tot die totstandkoming van Telkom as 'n publieke, maar kommersiële, maatskappy. Op daardie stadium was die kwaliteit van oproepe heel goed en die koste van plaaslike en besigheidsoproepe laag in vergelyking met internasionale oproepe (Horwitz, ongedateer).

Terwyl pogings om Telkom te privatiseer eers te midde van onderhandelings uitgestel is, het die regering voortgegaan om op die vooraand van die oorgang tot demokrasie lisensies aan twee selfoonmaatskappye toe te ken: Vodacom en MTN. Die helfte van Vodacom se lisensie is aan Telkom toegeken. Alhoewel die African National Congress (ANC) aanvanklik beswaar aangeteken het, het die apartheidsregering die lisensies toegeken en uitgereik.

Die oorgang na demokrasie en kommunikasietransformasie

Die uiteinde van die oorgang was dat die demokratiese Suid-Afrika 'n skuldgeteisterde, ondoeltreffende Telkom en 'n landlynnetwerk wat blanke areas bevoordeel, geërf het. Telkom het gepoog om hierdie probleme aan te pak deur neoliberale beleide, wat veronderstel was om die sektor markgedrewe te maak, aan te neem.

Die risiko dat die telekommunikasiesektor eenvoudig van staatsbeheer na markbeheer sou oorgaan – 'n situasie waarin Suid-Afrikaners se toegang tot 'n telefoon deur geld, eerder as velkleur, bepaal sou word – was groot.

Die opstellers van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) het egter gepoog om die risiko te verminder deur te fokus op universele, bekostigbare toegang tot telekommunikasiewese en modernisering van die netwerk. HOP het ook van Telkom vereis om landlyne na alle skole en klinieke aan te lê en sodoende sy netwerk geleidelik regoor die land uit te brei (HOP, 1994).

Na die oorgang het 'n adviserende proses oor die toekoms van die telekommunikasiesektor begin. Die transformasie van die telekommunikasiewese het egter baie gou in diep waters beland en die regering het, namate hy in 1996 van die ontwikkelingsdoelwitte van HOP na die neoliberale beleid van Groei, Werk en Herdistribusie (GWH, of GEAR) beweeg het, besluite begin afdwing. Die regering het, in 'n omstrede skuif, gedruk vir gedeeltelike privatisering van Telkom om sy netwerkuitbreiding te finansier. 'n Aandeel van 30% is aan Telekom Malaysia en SBC Communications in die VSA verkoop (Batidzirai, 1999).

In hierdie tyd is 'n nuwe Wet op Telekommunikasiewese bekendgemaak en nuwe instellings op die been gebring. Hierdie instellings het die Suid-Afrikaanse Telekommunikasie Regulerende Owerheid (Satro) en die Universele Diensagentskap (UDA) ingesluit. Die UDA het 'n mandaat om universele, of publieke, toegang en universele, d.w.s. privaat, diens tot telekommunikasie te verseker. Die UDA bestuur 'n universele diensfonds (befonds deur die telekommunikasie-operateurs) wat ontwerp is om projekte te befonds wat universele diens nastreef en te verseker dat telekommunikasiewese 'behoefte persone' bereik.

Die UDA is as kompromie met die uniebeweging opgerig, om hulle sover te kry om saam te stem met Telkom se gedeeltelike privatisering. Die unies het die privatisering aanvanklik teengestaan op grond van die werksverliese en onbekostigbaarheid vir die armes wat sou ontstaan as Telkom op 'n streng kommersiële basis bedryf sou word. Die regering was van mening dat die UDA as teenwig sou optree, deur te verseker dat universele dienste en toegang bereik word ten spyte van privatisering. Die regering het ook 'n vyfjaar tydperk van eksklusiwiteit aan Telkom gegee om dit van kompetisie te beskerm. In ruil hiervoor is van die maatskappy verwag om sy netwerk na arm en onderbediende areas uit te brei.

Telkom en privatisering

Die privatisering van Telkom het nie daarin geslaag om hierdie netwerkuitbreidingsdoelwit te bereik nie. Die maatskappy se buitelandse beleggers het 'n groot hoeveelheid wins uit die maatskappy onttrek. Hierdie onttrekking is moontlik gemaak deur die feit dat die maatskappy selfs meer gekommersialiseer is ná privatisering. Die koste van plaaslike oproepe is geleidelik verhoog, terwyl die koste van internasionale oproepe verlaag het om sodoende internasionale besigheidskoste te verminder. Werkers is ook afgedank.

Alhoewel die maatskappy baie lyne na onderbediende areas aangelê het, is baie van hierdie areas ontkoppel weens die verhoogde dienskosse wat dit onbekostigbaar gemaak het. Vanaf 1999 tot 2002 het die koste van plaaslike oproepe, juis dié wat meer deur behoeftiges gebruik word, met 35% gestyg (Mostert, 2002). Gevolglik is 40% van die nuwe telefoonlyne wat Telkom vanaf 1997 tot 2001 voorsien het, ontkoppel (Cosatu, 2002). Dit is grootliks te wyte aan die winsneming van buitelandse beleggers, wat hulle aandele in die vroeë 2000s verkoop het nadat hulle massiewe winste onttrek het. Die reguleerder, wat teen hierdie tyd met die uitsaaiereguleerder saamgesmelt het om die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (Okosa) te vorm, was ook te swak, onderbefonds en onbevoeg om hierop te reageer. Dit het Telkom toegelaat om met moord weg te kom.

Die Universele Diensagentskap (UDA)

Die UDA is nie deur die wet vereis om universele diens op 'n spesifieke manier te bereik nie. Die agentskap is egter ten sterkste deur die regering aangespoor om die opstelling van telesentrums hulle hoofprioriteit te maak. Telesentrums is publieke fasiliteite wat telefoon-, rekenaar-, kopieër- en internettoegang voorsien, wat dit vir mense moontlik maak om te kommunikeer. Teen 2000 is 65 telesentrums, hoofsaaklik in arm gebiede, regoor Suid-Afrika in die lewe geroep. Die meeste van hierdie sentrums was in die besit van gemeenskapsentrums en klein besighede.

Ook teen 2000 was bykans 30% van hierdie sentrums egter nie operasioneel nie. Minder as die helfte het rekenaars en werkende internettoegang gehad, en minder as 30% het tekens van selfvolhoubaarheid getoon. Dit beteken dat die meeste van hierdie sentrums eksterne hulp sou benodig om op die langtermyn lewensvatbaar te bly (Benjamin, 2003: 6-7).

Een van die probleme was die hoë bedryfskoste van hierdie sentrums. Bedryfskoste was hoog omdat die sentrums verskeie dienste voorsien het.


Baie kon egter nie die meer gesofistikeerde dienste, bv. rekenaars en internet bekostig nie, of het nie geweet hoe om dit te gebruik nie. Dit het gelei tot die onderbenutting van dienste. Baie van die gemeenskappe was egter so arm dat hulle nie die telesentrum sonder die hulp van voortdurende finansiële steun kon onderhou nie. Die UDA-model was egter geneig om uiteindelijke finansiële selfvolhoubaarheid te veronderstel. Verder is toerusting vir die telesentrums nie aangepas by plaaslike behoeftes nie, wat 'n “bo-na-onder-benadering” tot kommunikasiewese-ontwikkeling veroorsaak het (Benjamin 2003: 10-14).

Die Universele Diensfonds is nooit ordentlik ingespan nie. Een van die redes hiervoor is die UDA se mislukte poging om met 'n bevredigende definisie vir “behoefte persone” vorendag te kom. Só 'n definisie sou dit moontlik gemaak het om te bepaal wie veronderstel was om begunstigdes van die fonds te wees en wie nie. Een van die redes vir die gebrek aan 'n bevredigende definisie is die hoë vlakke van armoede in Suid-Afrika – hierdie vlakke is so hoog dat baie mense as “behoefte” en “behoefte aan finansiële bystand” beskou kan word. Die uitkoms hiervan was dat die UDA se mandaat nooit werklik in werking gestel is nie.

Die UDA is herdoop na die Universele Diens- en Toegangsagentskap van Suid-Afrika (UDTASA), maar dit is steeds grootliks ondoeltreffend. Dit word toegeskryf aan die feit dat die agentskap afhanklik is van die regering, wat politieke inmenging en swak konseptualisering van sy magte en funksies tot gevolg het.

Ten slotte

Na 'n redelik belowende begin het Suid-Afrika se regeringsgeleide telekommunikasietransformasie grotendeels op 'n ramp afgestuur. Landlyn het so duur geword dat die meeste mense dit nie kon bekostig nie. Selfoonmaatskappye het hierdie gaping raakgesien en netwerke regoor die land aangelê. Die mense wat op die oomblik toegang tot 'n landlyn het, is in die minderheid. Die kommersialisering en privatisering van Telkom, wat veronderstel was om toegang tot die netwerk te vergroot, het die teenoorgestelde effek gehad. En die staatsinstellings, wie se werk dit was om universele telekommunikasiewese te subsidieer en te reguleer, het nie daarin geslaag om effektief in te gryp nie. Dit is belangrik om die geskiedenis van hierdie swak punte te ken omdat dit ons help om te verstaan hoekom telekommunikasiewese vandag lyk soos wat dit lyk.

A woman wearing a pink hijab and a dark long-sleeved top is holding a mobile phone up in her right hand. The background consists of numerous red and white rays radiating from the center, creating a sunburst effect. The woman has a serious expression. The text 'Solidarity with Egypt' is written vertically in a small font on the left side of the image.

Besprekingspunte vir aktiviste

Watter lesse kan hierdie geskiedenis van telekommunikasietransformasie in Suid-Afrika ons leer?

Wat is goed gedoen, wat is sleg gedoen, en wat moes op 'n ander manier gedoen word?

Omdat kompetisie afwesig was ten tye van kommersialisering en gedeeltelike privatisering, is sommige kritici van mening dat Telkom toegelaat is om reuse winste ten koste van mense te maak. Dink u die aanwesigheid van kompetisie sou laer pryse en uitgebreide netwerktoegang na onderbediende areas tot gevolg gehad het?

En sou dit Telkom verhoed het om buitensporige winste te maak?

Die huidige stand van die reg om te kommunikeer in Suid-Afrika

Hierdie afdeling gee 'n oorsig van die huidige stand van die reg om te kommunikeer in Suid-Afrika. Daar word ook gekyk na struikelblokke wat mense verhoed om hierdie reg uit te oefen. Die hoofstuk fokus spesifiek op die reg om te kommunikeer deur middel van telekommunikasiewese, eerder as deur middel van tradisionele media - dit wil sê kommunikasie via landlyntelefone, selfone en die internet, eerder as radio, televisie en koerante. Mediaregte word in 'n afsonderlike gids behandel. Verder word daar gekyk na hoe die reg om te kommunikeer deur bekostigbaarheid beïnvloed word .

Soos vroeër genoem, is die vryheid van uitdrukking en toegang tot inligting regte wat deur die Grondwet gewaarborg word. Dit sluit die reg tot die oordrag en ontvangs van inligting in, wat onmoontlik is sonder toegang tot kommunikasiemiddele. In Suid-Afrika het selfoonmaatskappye die gaping gevul wat deur Telkom en verskeie regeringsagentskappe se mislukte pogings tot die daarstelling van universele kommunikasie gelaat is (Gillwald 2001:175-176). Selfoonpenetrasie het op groot skaal gegroei met Vodacom se baanbrekersbekendstelling van 'n voorafbetaalde (*prepaid*) opsie. Goedkoper lugtydopsies, wat intekenaars toegelaat het om R5 en selfs R2 se lugtyd te koop, is weldra bekendgestel. Teen 2012 het 82,9% van die bevolking selfone besit of gebruik (SAARF, 2012). Die meeste van hierdie selfongebruikers het van die voorafbetaalde opsie gebruik gemaak.

Vodacom is die grootste selfoonmaatskappy, gevolg deur MTN, Cell C, en dan 8ta, waarvan die laaste twee maatskappye slegs 16% van alle selfoonintekenaars bedien. Die aantal landlyntelefone het tot 'n skamele 7,5% van die bevolking gedaal, in teenstelling met die verbasende groei van die selfoonsektor (McLeod, 2012). Nokia en Blackberry oorheers die plaaslike mark, met laasgenoemde se sukses grootliks toegeskryf aan die feit dat 'n gedeelte van die prysstruktuur data insluit. Slimfone (*smartphones*) maak 20% van alle selfone in Suid-Afrika uit, terwyl die res van die bevolking basiese- of intermediêre selfone besit (Tubbs, 2012).

Daar bestaan 'n meningsverskil wat die hoeveelheid internetgebruikers in Suid Afrika betref. Volgens World Wide Worx het Suid-Afrika se internetgebruikersbasis met 25% gegroei vanaf 6,8 miljoen in 2010 tot 8,5

miljoen teen die einde van 2011, wat neerkom op 'n penetrasie van byna 20% van die bevolking. Internettoegang is egter oneweredig oor die land versprei. 'n Meer onlangse studie, deur Indra de Lanerolle, het egter gevind dat die hoeveelheid internetgebruikers heelwat meer is – een uit elke drie mense in Suid-Afrika. Dit beteken 12,3 miljoen mense het toegang tot die internet en meer as helfte van die bevolking sal teen 2014 aanlyn wees (de Lanerolle 2012:6). Internettoegang is via die landlynnetwerk (d.m.v. 'n skakelmodemverbinding of breëbandkonneksie), koordlose radio, koordlose verbinding of die selfoonnetwerk (d.m.v. tweede-, derde-, of vierdegenerasie netwerke, of onderskeidelik 2G, 3G, of 4G).

Sosiale media word toenemend ook deur arm Suid-Afrikaners gebruik. Facebook en kitsboodskapdienste soos Mxit en WhatsApp vervang geleidelik SMS'e vir die stuur en ontvang van boodskappe (Gillwald, Milek, en Stork, 2012). Van alle internetgebruikers verkry 7,9 miljoen toegang via selfone. Die meerderheid gebruik selfone en rekenaars, skootrekenaars of tabletrekenaars (Sapa, 2012).

Daar is verskille wat mans en vrouens se selfoon- en internetgebruik betref. Volgens Research ICT Africa het meer vroue as mans teen 2007/2008 selfone gebruik, maar vir elke vrou wat die internet gebruik, gebruik twee mans dit. Vroue spandeer meer van hulle besteebare inkomste as mans, en verder is vroue geneig om selfone grotendeels vir die ontvangs van oproepe en die stuur van verpaste oproepe (*missed calls*) te gebruik, omdat huishoudelike begrotings in ag geneem moet word (Gillwald, Milek, en Stork, 2012). Die Internet Society of South Africa het, op grond van MyBroadband se statistiek, aangevoer dat 69% van alle internetgebruikers manlik is. Die meeste mense gebruik die internet by die werk en die land se ekonomiese middelpunt, Gauteng, spog met die grootste hoeveelheid interkonneksies van al die provinsies.

Die probleem van bekostigbaarheid

Die feit dat die meeste Suid-Afrikaners toegang het tot selfone beteken nie dat dit vir die gebruikers beskostigbaar is nie. Die vermoë om te verbind met stemdienste en die internet word deur hoë verbruikerskoste gekniehalter en 'n gebrek aan prysdeursigtigheid het die selfoonoperateurs in staat gestel om hierdie praktyk sonder veel teenspraak voort te sit.


Volgens 'n studie van die Departement van Kommunikasie (waarin Suid-Afrika vergelyk word met van sy ekonomiese eweknieë: Chili, Korea, Indië, Brasilië en Maleisië) is die koste om te kommunikeer deur middel van 'n

landlyn baie hoog, terwyl SMS- en selfoonoproep-tariewe tweedehoogste is. Dit veroorsaak dat Suid-Afrika die land met die laagste selfoongebruik is, ten spyte van die hoë selfoonpenetrasie (Departement van Kommunikasie, 2009). Volgens Okosa het Suid-Afrika die derdehoogste selfoontariewe ter wêreld, naas Mexiko en Turkye (Ndlovu, 2009). Meer onlangse statistieke van die Internasionale Telekomunikasië-unie (ITU) skilder 'n donker prentjie van Suid-Afrika se gebrek aan bekostigbaarheid en plaas ons 77^{ste} uit 82 lande in 'n pryslysoorsig (sien die ITU-ranglys op die volgende bladsy).

In Grahamstad-Oos, die armste gedeelte van Grahamstad, waar die geraamde werkloosheidsyfer 70% is (volgens die uitgebreide definisie), het deelnemers aan 'n 2009-opname gereken hulle spandeer tussen 10% en 37,5% van hulle inkomste na belasting op selfone. Gemiddeld 26% van hulle inkomste is op selfone (handstukke en lugtyd) gespandeer en baie deelnemers het beweer dat hulle basiese noodsaaklikhede soos kos- en vervoergeld moes gebruik om lugtyd te koop (Duncan, 2012).

Vroeër vanjaar het Research ICT Africa Suid-Afrika op 'n droewige 30^{ste} plek uit 46 Afrikalande geplaas, in terme van *prepaid*-selfoonbekostigbaarheid. Hierdie posisie het ietwat verbeter sedert die prysverlagings van die relatief nuwe 8ta en Cell C. Hierdie maatskappye het oor die algemeen goedkoper produkte vir internettoegang aangebied, maar nog nie suksesvolle druk op die twee oorheersende verskaffers, MTN en Vodacom, geplaas om hulle pryse te verlaag nie. MTN bly die duurste vir arm gebruikers (Calandro, Gillwald en Stork, 2012). Die duurste pakketpryse is tussen R2,50 en R2,85 per minuut van MTN en Vodacom. Hierdie twee oorheersende maatskappye deel 'n marktaandeel van 85% (Departement van Kommunikasie 2012:21).

Gebruikers wat toegang tot die internet verkry via hulle selfone kan dit doen met gewone lugtyd of databondels; eersgenoemde is egter baie duurder. Die pryse van databondels is 'n bron van omstredenheid in Suid-Afrika, maar Blackberry is besonder geslaag daarin om data teen 'n relatiewe goedkoop, konstante prys aan te bied, wat gelei het tot dié handelsmerk se oorheersing van die land se slimfoonmark. Pryse het wel in sommige gedeeltes van die mark gedaal. Alhoewel 8ta en Cell C die goedkoopste databondelpakkette aanbied, is hierdie pakkette hoofsaaklik net beskikbaar vir mense wat kwalifiseer vir 'n kontrak of wat groot databondels kan bekostig op 'n vooruitbetaalde basis. Vodacom bied die duurste databondels aan, gevolg deur MTN.



8,0 7,0 6,0 5,0 4,0 3,0 2,0 1,0

Bron: ITU 2012 – Meting van die Inligtinggemeenskap (Suid-Afrika 77^{ste} uit 82)

Meeste koste-effektiewe bondels bly onbekostigbaar vir armer mense (Research ICT Africa, 2012a:6). Arm gebruikers word die hardste getref deur die buitensporige hoë pryse van vooruitbetaalde en *pay as you go*-tariewe, aangesien dit buitebondelkoste, wat waarskynlik die meeste deur armer gebruikers gebruik word vir internettoegang, insluit.

Super-winsneming: SMS'e

Die selfoonsektor is een van die winsgewendstes in die land en die topmaatskappye het hoë winsmarges vir beleggers aangebied. Teen 2010 is beide MTN en Vodacom onder die top tien maatskappye in Afrika aangewys, met MTN in vyfde en die Vodacomgroep in negende plek (Pau, 2010). In 2011 het MTN sy vyfde posisie behou, na die mynmaatskappye BHP Billiton en Anglo American, brouery SAB Miller en die vervaardiger van sintetiese brandstof, Sasol (Moneyweb, 2012).

Die omvang van winsgewendheid kan in die marge op SMS'e gesien word. Daar is 'n groot meningsverskil oor die werklike prys van 'n SMS (wat dit 'n selfoonmaatskappy kos om een te stuur) teenoor die bedrag wat dié maatskappye van hulle gebruikers hef. Die koste van 'n SMS is egter na beraming enigets van 2,6c en beslis minder as 5c (Muller, 2012a). Tog is die kostes van 'n vooruitbetaalde, buitebondel-SMS soos volg:


	MTN ¹	Vodacom ²	Cell C ³	Virgin Mobile ⁴	8ta ⁵
Spitstyd	80 c	80 c	50 c vaste tarief	60 c	50 c per minuut kontrak, 60 c per sekonde kontrak
Buite Spitstyd	35 c	35 c	50 c	60 c	50 c

- 1 MTN PayAsYouGo vooruitbetaalde opsie
- 2 Buitebondel SMS-koste
- 3 99c for Real-tariefpakket
- 4 Vooruitbetaalde-brosjyre
- 5 Eenmalige boodskapbondels, buite-bondeltarief, SMS en MMS

Inligting verskaf deur MTN, Vodacom, Cell C, Virgin Mobile, 8ta; November 2012

Werklike koste van 'n SMS vir netwerkverskaffers: 2,6c

Tariewe wat Vodacom en MTN met spitstyd hef: 80c



WINS

Indien die werklike koste van 'n SMS net 2,6c is, maak Vodacom en MTN 3000% wins met SMS'e tydens spitstyd (Muller, 2012b)

Kwessies oor Dienskwaliteit

Volgens Okosa het drie van die selfoonmaatskappye, naamlik Vodacom, MTN en Cell C, nie in 2011 aan hulle dienskwaliteitsmikpuntvereistes, soos deur die Owerheid uiteengesit is, voldoen nie. Dit is bepaal deur hoeveel keer gebruikers iemand nie suksesvol kon bel nie, of hulle oproep afgesny is. Terwyl Cell C en Vodacom wel aan die vereistes voldoen het van suksesvolle oproepe, het al drie die maatskappye te veel oproepe laat afsny. Vodacom en MTN het by tye massiewe netwerkonderbrekings ervaar (Mail and Guardian, 2011).

Winsneming ontbloot: die saak teen Telkom

Vir jare is Telkom daarvan beskuldig dat hulle hulle oorheersende mag in die mark misbruik het om tussen 1999 en 2004 mededingende diensverskaffers te dwarsboom. Dit was tydens hierdie tydperk wat dié semistaatsinstelling baie aggressief gekommersialiseer is ten einde waarde vir sy internasionale beleggers te vergroot. Telkom het beweer dat hulle presies dít gedoen het deur middel van buitensporige pryse, toegang tot 'n essensiële fasiliteit te weier en prysdiskriminasie. Hierdie optredes het dit moeilik en feitlik onmoontlik gemaak vir enige maatskappy om met Telkom te kompeteer. Die Mededingingstribunaal, 'n statutêre liggaam wat klagtes oor onmededingende optrede ondersoek, het Telkom in Augustus 2012 skuldig bevind aan onmededingende optrede en het die maatskappy met R449 miljoen beboet.

Ontleding van die probleem

Duopoliemag

Ten spyte van die vyf selfoon- en twee landlynmaatskappye is daar twee rolspelers (Vodacom en MTN) wat die Suid-Afrikaanse mark oorheers. Hulle het mag oor die res van die mark en daarom kan hulle die reëls vir handeldryf vir die res van die bedryf bepaal.

Tekort aan 'n sterk verbruiker- en gebruikerbeweging

In die algemeen het Suid-Afrika 'n gebrek aan 'n sterk verbruiker- of gebruikerbeweging en veral in terme van die reg tot kommunikasie. Dit laat die selfoonmaatskappye toe om grotendeels onaanspreeklik te bly en voort te gaan met hulle uitbuitende praktyke.

Diskriminasie teen vooruitbetalende gebruikers

Die selfoonmaatskappye vra sonder uitsondering hoër tariewe vir vooruitbetalende gebruikers as vir kontrakgebruikers. Hulle argumenteer dat kontrakgebruikers hulle vir 24 maande (die standaardlengte van 'n selfoonkontrak) verbind aan 'n belegging, en vooruitbetalende gebruikers hulle slegs vir een maand verbind. Daarom waarborg kontrakgebruikers vir die maatskappy 'geld in die bank' en is hulle 'aantrekliker'. Daarteen kan geargumenteer word dat vooruitbetalende gebruikers 'n laer finansiële risiko is, omdat hulle reeds vooraf betaal het en geen kontrak het om nie na te kom nie. Ten spyte hiervan hou selfoonmaatskappye aan om te diskrimineer teen *prepaid*-gebruikers, wat oorwegend armer is en deel van die werkersklas, deur hulle duurder tariewe as kontrakgebruikers te vra.

Interkonneksietariewe

Die onbetwisbare rede vir die hoë koste om te kommunikeer is die buitensporige winsneming deur selfoonmaatskappye en Telkom, soos wat gesien kan word in eersgenoemde se oordrewe selfoonbeëindiging (interkonneksie)-tariewe. Hierdie is die tariewe wat 'n selfoonnetwerk ander netwerke vra, hetsy selfoon of landlyne, om 'n oproep te beëindig op daardie netwerk.

Daar is onenigheid oor die werklike koste vir 'n netwerk om 'n oproep op 'n ander netwerk te beëindig. Volgens Okosa is dit onwaarskynlik dat dit meer as 40c is (Parlamentêre Moniteringsgroep, 2009). Research ICT Africa meen dat dié koers waarskynlik onder 25c is (2009:40). Laasgenoemde baklei vir prysgebaseerde interkonneksietariewe waar selfoonmaatskappye slegs die werklike koste van ander netwerke hef om 'n oproep te beëindig en nie 'n sent meer nie. Hulle het dit uitgewys dat pryse verlaag is in lande waar sulke tariewe ingestel is.

Die pryse wat deur selfoonmaatskappye gevra word is egter veel duurder as hierdie tariewe. In die aanvanklike interkonneksie-ooreenkoms tussen Vodacom en MTN is die tarief vasgestel op 20c per minuut. Toe die derde selfoonnetwerk Cell C in 2001 begin is, het altwee selfoonmaatskappye hulle interkonneksietarief met 500% vermeerder tot R1,23 ('n 515%-verhoging sedert 1994). Hierdie verhoging het uiteindelik Vodacom en MTN se oorheersing as duopolie verseker en het dit feitlik onmoontlik gemaak vir mededingende maatskappye soos Cell C om te groei (Naidoo, 2009).


Interkonneksietariewe is ook ongelyk – verskillende tariewe word vir verskillende maatskappye gehef. Hierdie asimmetriese interkonneksietariewe is belangrik vir nuwe maatskappye. Omdat hulle hulle probeer vestig, kan hulle 'n laer prys as die dominante maatskappye gevra word om hulle oproepe op ander netwerke te beëindig, wat effektief neerkom op subsidiëring. In Suid-Afrika was asimmetriese tariewe tot voordeel van Vodacom en MTN gewees en tot nadeel van Telkom, wat ook 'n bydraende faktor in die agteruitgang van dié landlynmaatskappy was.

Vodacom beweer dat die vermindering in interkonneksietariewe nie veronderstel was om outomaties na die verbruikers oorgedra te word nie, aangesien daar hoë vasgestelde kostes was wat die selfoonnetwerke moes verreken weens die groot hoeveelheid intekenaars wat afhanklik is van hulle vir kommunikasietoegang (Gedye, 2012). Okosa voer aan dat alhoewel die land se tariewe hoog is, gebruikers moet betaal vir die koste van universele dekking van die land. Research ICT Africa het met die teenargument gekom dat ander lande met minder gebruikers dit reggekry het om hoë dekking te bereik asook hulle selfooninterkonneksietariewe drasties te verminder. Sommiges is selfs op die randjie daarvan om vinniger datanetwerke (bekend as Langtermynevolusie of 4G) te begin (Gillwald, 2012).

In 2009 het die publiek hulle stemme dik gemaak oor die hoë selfoontariewe. Die Parlementêre Portefeuljekomitee sowel as die Departement van Kommunikasie het ingegryp en die maatskappye geforseer om te voldoen aan 'n regulasie om geleidelik die interkonneksietarief teen 2013 te verlaag tot 40c na 'n selfoon en 12c na 'n landlyn. Gevolglik was daar 'n 52,2%-afslag in dié tarief.

In 2011 het hierdie verlaging geen impak op kleinhandelspryse gehad nie, maar teen 2012 het die effek wel ingetree. In Julie 2012 het Cell C begin om oproepe se prys tot 99c per minuut te verlaag en hulle prys was goedkoper, omdat hulle die prys per sekonde vasgestel het (Rondanger, 2012). 8ta het ook begin om gratis lugtyd aan te bied vir elke keer wat nuwe lugtyd gekoop word wat hulle die goedkoopste maatskappy gemaak het. Vodacom en MTN het egter die grootste dekking in die land wat beteken dat hulle die prys kan beheer en hulle het grotendeels by hulle duur prys gebly. Vodacom het wel vlugtig hulle prys tot 99c verlaag, maar het dit vinnig weer die hoogte in laat skiet (Research ICT Africa, 2012b). Gevolglik het die verlaging van die interkonneksietarief prys nie genoeg afgeforseer nie en is dit nodig om tariewe verder te verlaag.

Die grafiek hieronder dui aan hoe die interkonneksietarief gedaal het tussen September 2010 en September 2012. Die koste van Vodacom en MTN se verlaagde tariefplanne het egter onveranderd gebly, dus het slegs Cell C die verlaagde prys oorgedra aan gebruikers.



Die tabel op die volgende bladsy gee prysvergelings van die verskillende selfoonmaatskappye vanaf November 2012. Dit toon dat die kleinste maatskappye, 8ta en Cell C, se pryse die laagste is. Dit help egter nie gebruikers wat buite dié maatskappye se bestaande dekkingsgebiede val nie.

MTN en Vodacom kon die mededinging van hulle teenstanders die hoof bied omdat hulle feitlik die hele land dek. Gevolglik is baie van hulle gebruikers gevangenes van die maatskappye en hulle hoë pryse, veral dié wat in landelike gebiede woon. Die maatskappye beweer egter dat die werklike oproepkoste met ten minste 40% gedaal het sedert die interkonneksietariewe verlaag is.

Daarenteen beweer First Avenue Investment Management dat Vodacomgebruikers slegs ietwat meer bevoordeel is in die oordrag van interkonneksietariefverlagings aan kliënte as dié van MTN, en dat Vodacom se tariewe steeds van die duurste in die wêreld is. Datakoste het meer afgekom as oproepkoste. Winsmarges binne die selfoonsektor is steeds hoog, ondanks die daling in interkonneksietariewe. In die ses maande van 2012 wat in September geëindig het, het Vodacom se verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie (bekend as die Ebitda-marge) gestyg tot 37% (McLeod, 2012). Dit is moontlik te danke aan die groei in data-inkomste, en dié maatskappy se oorsese bedrywighede wat ook sterk was oor dieselfde tydperk. Gevolglik kon hy sy dividend aan aandeelhouers met 36% verhoog (I-net Bridge).

MTN se inkomste het gedaal weens die verlaging in die interkonneksietariewe, maar sy Ebitda-marge het in 2011 effens gestyg van 2010 tot 35% (Research ICT Africa, 2012b) en hy kon sodoende 'n hoër dividend vir die jaar aan sy aandeelhouers uitbetaal. MTN se verdienste vir die eerste helfte van 2012 het ook met 14% gestyg, terwyl die styging in data-inkomste ook 'n bydraende faktor was (Reuters, 2012).

Geen deursigtigheid

Netwerkoperateurs is nie bereid om hulle kostestrukture breedvoerig te verduidelik nie, selfs nie aan die parlement of Okosa nie. Dit is dus moeilik om die werklike koste van die diens gelewer, in verhouding tot die wins verdien, te bepaal. Volgens die selfoonmaatskappye is hoë tariewe nodig om hulle netwerke te kan uitbrei, en indien die interkonneksietariewe verlaag word, sal dit hulle forseer om die

kleinhandelpryse te verhoog, en sodoende die gebruiker meer te laat betaal. Dit is egter moeilik om hierdie argument deeglik te evalueer weens hulle ondeursigtigheid.

Tariewe per minuut	Produk	Binne-netwerk selfoon	Buite-netwerk selfoon
Operateur	VODACOM		
Laagste	<i>Vodacom All Day</i>	R1,40	R1,40
Hoogste	<i>Vodacom 4u</i>	R2,58	R2,78
SMS		R0,50	R0,50
Operateur	MTN		
Laagste	<i>MTN One Rate</i>	R1,75	R1,75
Hoogste	<i>MTN Musiq</i>	R2,50	R3,00
SMS		R0,50	R0,50
Operateur	CELL C		
Laagste	<i>99c for Real</i>	R0,99	R0,99
Hoogste	<i>RedBull Mobile Per Sec</i>	R2,85	R2,85
SMS		R0,50	R0,50
Operateur	VIRGIN MOBILE		
Laagste	<i>True Per Second Billing</i>	R0,99	R2,60
Hoogste			
SMS		R0,60	R0,60
Operateur	8ta		
Laagste	<i>Per Second</i>	R1,50	R1,50
Hoogste	<i>Per Minute</i>	R2,75	R2,75
SMS		R0,50	R0,50

Bron: Departement van Kommunikasie, voorlegging aan Parlementêre Portefeuljekomitee oor Kommunikasie, 29 November 2012.

Weliswaar kan hulle gebruikerstalle styg as gevolg van laer kostes, in plaas dat hulle geforseer te word om die ontwikkeling van infrastruktuur te verminder wat pryse sal opstoot. Toe die bedryf onder die loop gekom het, het die maatskappye probeer om konflik op te los deur vergaderings agter geslote deure te hou. Dit het gegrens aan samesweerdery, wat gesien word as 'n nie-kompeterende praktyk (Parlementêre Moniteringsgroep, 2009).

Die samestelling van pakketaanbiedinge is ook 'n probleem omdat gebruikers dit moeilik vind om te verstaan. Okosa behoort 'n kosterekenaar beskikbaar te stel wat gebruikers sal help om die kostestrukture van verskillende pakkette te verstaan.

Swak regulering

Nog 'n verswarende faktor is die swak regulering van die bedryf deur Okosa. In 2009 het die Parlementêre Portefeuljekomitee oor Kommunikasie Okosa gekritiseer omdat hy daarmee sloer om die kommunikasiekostes af te bring. Die portefeuljekomitee het ingegryp deur die publiek te nooi vir voorstelle om interkonneksiekostes te verlaag, wat gelei het tot regulasies op die vermindering van interkonneksiekoste. Sedertdien beskou Okosa die probleem in 'n ernstiger lig, maar hulle het nie genoeg fondse om al die regulasiefunksies te kan uitvoer nie. Wat die probleem vererger, is die feit dat van die maatskappye wat deur Okosa gereguleer word finansiële sterk is en bereid is om hof toe te gaan, teenoor Okosa se gebrekkige fondse. Kommunikasie tussen Okosa en die maatskappye is ook swak en Okosa word soms geforseer om die maatskappye met regstappe te dreig om die nodige inligting te bekom.

Markgedrewe beleid

Die bogenoemde probleme sou nie moontlik gewees het as die regering 'n sterk beleid ten gunste van armes vir die kommunikasiesektor in posisie gehad het nie. Die markgedrewe aard van die telekommunikasiebeleid in die laat 1990s het aanleiding gegee tot die ontstaan van Telkom, 'n landlynmaatskappy, wat op winsbejag gemik was ten koste van universele dienslewering. Dit het maatskappye in die privaat sektor die geleentheid gebied om die kommunikasiegaping te vul. Hierdie privaat maatskappye word egter swak gereguleer wat hulle toelaat om uitbuitingstariewe te eis, wat veral teenoor arm gebruikers en vroue diskrimineer. Die regering voer aan dat hulle beleid vir die kommunikasiesektor armes bevoordeel, maar in werklikheid het dit aanleiding gegee tot 'n bedryf wat deur die privaat sektor oorheers en aangedryf word en sodoende teen armes diskrimineer. Staatsingryping deur die regering, beide in die vorm van regulering en die daarstel van staatsbeheerde-kommunikasiemaatskappye, kon tot dusver nie daarin slaag om 'n wesentlike verskil te maak aan die verwronge ontwikkelingskurwe in die kommunikasiesektor nie.

Ten slotte

Die gesamentlike uitwerking van verskeie faktore het daartoe gelei dat twee maatskappye in die selfoon- en een in die landlynbedryf (alhoewel sy invloed besig is om af te neem) die kommunikasiesektor domineer en in 'n ystergreep beet het. Alle pogings, met uitsondering van 'n moontlike ingryping deur die Mededingingstribunaal, het tot dusver misluk om 'n

verandering in die patroon van uitermatige uitbuiting in die sektor teweeg te bring. Kommunikasiegebruikers is egter medepligtig in die skep van hierdie probleem omdat hulle nie saamstaan en veg teen die steierende winsbejag om sodoende hulle reg tot kommunikasie te verdedig nie. Die Right2Know-veldtog het 'n belangrike rol om te speel om die stryd namens kommunikasiegebruikers op te neem, om gebruikers te mobiliseer om hulle reg tot kommunikasie te verdedig, om druk te plaas op maatskappye wat met hulle groot uitbuiting voortgaan, en om die kommunikasiestelsels te herstruktureer sodat gebruikers se reg tot kommunikasie realiseer.



BESPREKINGSPUNTE VIR AKTIVISTE

Watter lesse kan geleer word uit die ontwikkeling van die selfoonbedryf in Suid-Afrika? Wat het goed gewerk en wat het nie gewerk nie? Wat kon op 'n ander manier gedoen word?

Sommige kritici glo dat die ontwikkeling van selfoonmaatskappye 'n bewys is dat die regering nie 'n rol moet speel in die voorsiening van kommunikasiedienste nie. Telkom, 'n semistaatinstelling, kon nie daarin slaag om 'n universele diens en toegang tot kommunikasie te voorsien nie, terwyl privaat maatskappye hier meer suksesvol was. Volgens hulle bewys dit die meerderwaardigheid van privaatsektorgedrewe, kapitalistiese vorme van ontwikkeling.

Ander kritici glo dat hoewel die privaat sektor 'n rol in die voorsiening van kommunikasiedienste moet speel, hulle meer kompetend behoort te wees om sodoende pryse af te bring. Hulle beweer dat die gebrekkige regulasie van die bedryf die probleem is en stel voor dat liggame soos Okosa en die Mededingingskommissie bemaagtig moet word om die industrie beter te reguleer. Wat sê jy van hierdie argumente?

AFDELING DRIE

Die veldtog vir die reg om te kommunikeer

Hierdie afdeling bevat veldtogidees oor die reg tot kommunikasie in Suid-Afrika. Dit begin deur kernprobleme te identifiseer ten op sigte van Suid-Afrikaners se reg tot kommunikasie, maak basiese voorstelle wat die veldtog kan oorweeg, en kyk dan ook na moontlike fokusareas en strategieë vir die veldtog.

Die probleem

Suid-Afrika sit tans met 'n kommunikasielandskap wat oorheers word deur privaat- en staatsbeheerde maatskappye wat buitensporige hoë pryse vir hulle dienste eis ten einde 'n wins te kan toon. Hulle diens is ook dikwels van swak gehalte en ontoeganklik vir gebruikers in sekere dele van die land. Gebruikers met hoë inkomste in stedelike gebiede het toegang tot goedkoper en beter dienste, terwyl armes meer betaal. Die diensverskaffers kom weg met hierdie uitbuiting omdat regulering onvoldoende is en gebruikers te ongeorganiseerd is om iets hieraan te doen.

Basiese beginsels vir die veldtog

Watter basiese beginsels behoort 'n kommunikasieregteveldtog te dryf? Die Right2know-veldtog het 'n mediavryheid- en diversiteitssubkomitee. In Februarie 2011 het die veldtog se nasionale spitsberaad besluit om sy fokus van die Wetsontwerp op die Beskerming van Staatsinligting, of Muilbandwet, uit te brei na 'n veldtog vir die vrye vloei van inligting en 'n vry en diverse media, wat inligting aan alle Suid-Afrikaners bied. Hierdie subkomitee het die volgende riglyne vir 'n kommunikasieregteveldtog voorgestel:

- Kommunikasie moet universeel wees. Elke mens het 'n reg tot beskikbare, bekostigbare en toeganklike kommunikasie. Terwyl goeie vordering reeds gemaak is om beskikbaarheid van kommunikasie, en meer spesifiek selfoonkommunikasie, te verseker, kan baie gebruikers steeds nie toegang tot hierdie netwerke bekostig nie. 'n Illusie van universaliteit word sodoende geskep, maar algehele toeganklikheid kan slegs bereik word wanneer alle gebruikers ten alle tye toegang tot die netwerk het.
- Kommunikasie moet alomteenwoordig wees: dit beteken dat toegang tot inligting behoort enige tyd, op enige plek en op enige

manier beskikbaar te wees na gelang van die keuse van die gebruiker. Gebruikers word tans beperk in hulle keuse van hoe om die inligting wat hulle nodig het te bekom, tuis of waar hulle hulle ook al bevind.

- Kommunikasie moet in twee rigtings kan plaasvind: gebruikers moet inligting kan ontvang en kan oordra. Kommunikasie moenie slegs 'n reproduksie van verouderde metodes, waar slegs 'n paar praat en die meerderheid luister, wees nie.
- Elke mens het die reg tot privaatheid en anonieme kommunikasie, wat die reg om kommunikasie te enkripteer insluit.

'n Nuwe kommunikasiestelsel moet dus geskep word, een wat verskil van die huidige een wat daarop gemik is om meer wins te genereer vir aandeelhouders, eerder as die voorsiening van kommunikasie as 'n basiese mensereg. Soos ons kan sien in die geval van Telkom, kan selfs maatskappye wat 'n sekere mate van openbare eienaarskap het steeds soos privaatmaatskappye optree as hulle gekommersialiseer en as sodanig bestuur word.



Gevalllestudie

Hoe werk Venezuela se kommunikasiestelsels?



http://www.cantv.net/...muralismo_latinamericano

CANTV is Venezuela se staatbeheerde-telekommunikasieverskaffer. Hierdie maatskappy is in 1991 geprivatiseer, die jaar toe sy selfoonkomponent gestig is. Die regering, onder Hugo Chavez, het CANTV in 2007 gehernasionaliseer in 'n poging om eienaarskap van strategiese maatskappye terug te kry. Die regering het telekommunikasie as 'n basiese mensereg verklaar na aanleiding van die feit dat CANTV nie hulle sosiale verpligting nagekom het nie, wat gelei het tot die verwaarloosing van die armer, inheemse en geografies-geïsoleerde gemeenskappe.

Volgens Daniel Chavez, 'n navorser by die *Transnational Institute*, en regeringsadviseur op die herstruktureringprojek van die kommunikasiesektor, het die maatskappy sedert hernasionalisering nie net sy dienste uitgebrei nie, maar ook groter gemeenskapsdeelname in die bestuur van die maatskappy verseker. Dit is gedoen deur voetsoolvlakwerkgroepe in die telekommunikasiewese en werkerskoöperatiewe te betrek, wat weer werkskepping tot gevolg gehad het. Hierdie beginsel van beheer van onder na bo het verhoed dat openbare eienaarskap verval in 'n vorm van staatsinmenging, waar "alle aktivisme en protagonisme in die sosiale lewe slegs by die regering lê". Die fokus op gemeenskapsdeelname het gelei tot effektiewe bestuur, wat gepaard gegaan het met geskikte innoverings, aangesien die maatskappy deur "goeie, sosiaal-gedrewe idees" gelei word (Buxton, 2010).

Sedert hernasionalisering het die landlynnetwerk uitgebrei tot 'n bogemiddelde hoë teledensiteit (die getal telefoonlyne in 'n spesifieke area) in die streek, met 'n 100% selfoonpenetrasie. CANTV het ook begin om afslagpryse vir lae-inkomste gebruikers te bied en om winste in sosiale projekte te herbelê.

Besprekingspunte vir die aktiwis

Hoe moet die kommunikasiestelsel lyk om seker te maak R2K se voorgestelde beginsels word toegepas? Moet kommunikasie as 'n kommoditeit behandel word? Moet dit in privaat- of staatsbesit wees? As die staat die sektor beheer, hoe kan ons verhoed dat dit 'n winsmasjien vir staatskapitaliste word? As dit deur privaatmaatskappye besit word, hoe kan ons die reeds sigbare uitbuiting deur selfoonmaatskappye verhoed?

Wat is die basiese vereistes?

Om hierdie beginsels 'n realiteit te maak, moet die veldtog 'n basiese stel vereistes ontwikkel. Sekere vereistes wat oorweeg kan word sluit die volgende in:

- Netwerkoperateurs moet 'n gratis, basiese diens vir kommunikasie aan arm gebruikers verskaf.
- Vooruitbetaalde kommunikasiegebruikers (*Prepaid*), wat hoofsaaklik arm is en deel van die werkersklas vorm, behoort nie kontrakintekenaars te kruissubsidieer nie.
- SMS'e behoort gratis te wees aangesien dit operateurs amper niks kos om 'n SMS te stuur nie.
- SMS- en databondels behoort nie te verval as dit nie gebruik word nie. Daar is geen tegniese rede waarom die bondels moet verval nie, en dit voel eerder soos 'n manier om mense te dwing om meer lugtyd te koop.
- Daar behoort geen verskil tussen spitstyd- en buite-spitstyd tariewe te wees nie. Mense moet kan bel wanneer hulle wil en vir wie hulle wil.
- Daar moet universele dekking vir selfoonstem- en datadienste wees.
- Selfoonnetwerke moet minimum dienskwaliteitsmikpunte verseker. Dit behels dat daar so min as moontlik netwerkonderbrekings is, sowel as oproepe wat uitsny en sukkel om te verbind.
- Rekening- en pakketopsies moet vereenvoudig word.
- Daar moet verdere verlagings by die interkonneksiekostes en die regulasie van kleinhandelaarskoste wees. Dit sal verseker dat interkonneksieverlagings nie bloot later aan die gebruiker oorgedra word nie.
- Toegang tot landlyne en die landlynbreëbandnetwerk (ADSL) moet verbeter word.
- Selfoonmaatskappye moet hulle dienskwaliteitsmikpunte bereik.
- Die hoeveelheid nommers wat verniet gebel kan word moet verhoog word en behoort bv. nommers in te sluit soos dié van ons kinders se skole.
- Die doel van die Universele Diensfonds is om hulp te verleen aan behoeftige mense en behoort hiervoor gebruik te word.
- Die parlement moet 'n geskikte en goed-befondsde reguleerder te verseker.
- Suid-Afrika verdien 'n regeringsdepartement wat die publiek se belange bo die belange van sy portefeulje-organisasies en hulle aandeelpryse plaas.

Gevalllestudie

Die stryd in Suid-Afrika om weg te doen met water en elektrisiteit as kommoditeite

Gedurende die laat 1990s het die regering, beïnvloed deur die neoliberale beleid, water- en elektrisiteitsvoorsiening gekommersialiseer en geprivatiseer. Die het daartoe gelei dat die koste van hierdie dienste baie gestyg het vir die armes, terwyl die ryk en korporatiewe verbruikers gemiddeld baie minder betaal het. Baie mense kon hierdie dienste nie bekostig nie en het agterstallig geraak met hulle betalings. Dit het tot grootskaalse diskonneksies gelei. Die plaaslike regering het vooruitbetaalde meters in arm gemeenskappe geïnstalleer. 'n Gratis basiese diens is beskikbaar gestel (byvoorbeeld 6000 liter gratis water per maand vir elke huishouding), maar die diens het nie werklik 'n verskil in mense se lewens gemaak nie. In reaksie hierop is sosiale bewegings gevorm. Dit sluit die Anti-Privatiseringsforum en die Soweto Elektrisiteitskrisiskomitee in. Hierdie bewegings het 'n stryd gevoer teen diskonnekterings, vooruitbetaalde meters en onbekostigbare tariewe. Hulle het 'n stel vereistes ontwikkel wat 'n noodlyndiens ingesluit het. Hierdie diens was baie groter as die gratis basiese diens wat die regering gebied het en het ten minste 50 liter water per persoon per dag geëis. Hulle het ook 'n tariefstruktuur geëis wat die grootste gebruikers, gewoonlik korporatiewe en ryker gebruikers, gepenaliseer het.



Besprekingspunt vir aktiviste

Watter basiese kort-, medium- en langtermynse moet die veldtog ontwikkel om te verseker dat die beginsels daarvan verwezenlik?

Besorgde Inwoners van Soweto bestel 'n dagvaarding aan die burgemeester en bring vooruitbetaalde watermeters terug, Johannesburg, 21 September 2010.

Versterking van kommunikasieregulasies - die rol van Okosa

Volgens Okosa behels hulle rol die volgende:

"Die Owerheid is verantwoordelik vir die regulering van die telekommunikasie-, uitsaai- en poswese in die belang van die publiek, en om bekostigbare dienste van 'n hoë kwaliteit vir alle Suid-Afrikaners te verseker. Die Owerheid reik ook lisensies uit aan telekommunikasie- en uitsaaidiensverskaffers, dwing die nakoming van reëls en regulasies af, beskerm gebruikers teen onregverdigte besigheidspraktyke en swak dienslewering, hoor geskille en klagtes teen lisensiehouers aan en beslis daarvoor, en beheer en bestuur die effektiewe gebruik van die radiofrekwensiespektrum."

Uit die vorige hoofstuk is dit duidelik dat Okosa nie hulle mandaat nakom om hoë-kwaliteit, bekostigbare dienste te verseker nie. Die rede hiervoor is wydbekend: Okosa is swak, hulle is nie onafhanklik van die regering nie, is nie voldoende befonds nie en is vatbaar vir industriële oorname. Enige veldtog vir kommunikasieregte moet daarop fokus om Okosa te versterk.

Ander belangrike instellings in die kommunikasieruimte

Die **Departement van Kommunikasie (DoC)** is die regeringsdepartement wat verantwoordelik is vir die opstel van beleide in die kommunikasiesektor. Hulle het die mag om beleide te maak wat universele diens en toegang tot kommunikasie verseker. Hulle kan bearbei word om hierdie rol ernstiger op te neem.

Die **Parlementêre Portefeuljekomitee oor Kommunikasie** maak wette in die kommunikasiesektor en hou toesig oor belangrike instellings soos Okosa en die (DoC). Die komitee het in 2009 selfoonmaatskappye daarvan beskuldig dat hulle buitensporige winste maak, en het openbare verhore gehou oor maniere om interkonneksietariewe te verlaag. Hierna het 'n geleidelike verlaging in tariewe gevolg. Die komitee kan bearbei word om selfoonmaatskappye te daag tot nog 'n rondte openbare verhore. Verder moet Okosa en die (DoC) tot verantwoording geroep word vir hulle nalatigheid om woekerwinsbejag en ander anti-arm praktyke in die kommunikasiesektor stop te sit.

Die **Kompesiesiekommissie** het volmag om beperkte besigheidpraktyke, die misbruik van dominante posisies en samesmeltings en ander anti-mededingingspraktyke in die Suid-Afrikaanse ekonomie te ondersoek, kontroleer en evalueer. As die kommissie bewyse van anti-mededingingspraktyke vind, benader hulle 'n aparte regbank, die **Mededingingstribunaal**, om die saak aan te hoor. Die tribunaal het onlangs vir Telkom skuldig bevind aan anti-mededingingspraktyke en het hulle met R449 miljoen beboet. Daar is bevind dat Telkom gedurende die tydperk van eksklusiwiteit, tussen 1999 en 2004, mededingers afgeknou het. Die kommissie kan genader word om sulke praktyke ook in die kommunikasiesektor te ondersoek.

Die **Nasionale Verbruikerskommissaris** is ingevolge die Wet op Verbruikersbeskerming gestig om regmatige verbruikersoptrede en verbruikersbeskerming teen enige onetiese besigheidspraktyke te bevorder, en om verbeterde standaarde vir verbruikersinligting te verskaf. Die Kommissaris kan genader word om enige praktyke van kommunikasiediensverskaffers te ondersoek wat verbruikersregte skend.

Tydens die optog in Kaapstad om Cosatu se algemene protes te ondersteun, 7 Maart 2012.



**ELKEEN
REIK NA EEN.
MAHALA**

Hoe om hierdie instellings in te span as deel van 'n groter veldtogstrategie

Lê 'n klag by jou netwerkoperateur oor enige aspek van hulle diens wat jy onaanvaarbaar vind en moedig ander aan om dieselfde te doen. Maak seker dat daar publisiteit aan hierdie klagtes gegee word.

As jou klagte nie ernstig opgeneem word nie, lê 'n verbruikersklag by Okosa. Die klagteprosedure is beskikbaar op Okosa se webblad by <https://www.icasa.org.za/ConsumerProtection/Complaints/>. Jy kan deur Okosa se Klagtes- en Nakomingskomitee daarop aandrang dat jou saak aangehoor word.

Oorweeg ook om die ander instellings wat hierbo genoem is te raadpleeg. As jy 'n beleid wil verander stel eerste jou visier op die DoC. As jy wette wil laat verander of wil verseker dat instellings soos Okosa of DoC hulle mandaat nakom dan moet jy op die Portefeuljekomitee as teikengroep konsentreer. As jy anti-mededingingspraktyke wil beëindig of as jy voel dat jy as verbruiker onregverdig behandel is, oorweeg om die Kompetisiekommissie of Verbruikerskommissaris te nader.

Sluit aan by die mediavryheid- en -diversiteitssubkomitee van die Right2Know-veldtog en/of die SoS - Support Public Broadcasting Coalition. Soos Right2Know se posisiedokument dit stel: "Die onafhanklikheid van die uitsaaireguleerder (Okosa) van die uitvoerende arm van die regering en privaatsektorbelange moet beskerm en versterk word" (R2K, 2012).

SoS is 'n burgerlike gemeenskapskoalisie betrokke by 'n enkelsaakveldtog. Die koalisie is daartoe verbind tot, en beywer hulle vir, openbare uitsending in die publiek se belang. Die koalisie bestaan uit 'n verskeidenheid nieregeringsorganisasies, gemeenskapgebaseerde organisasies, vakbonde, vakbondfederasies en individue. SoS fokus hoofsaaklik op Okosa se onafhanklikheid en vermoë, en het al talle voorleggings oor Okosa aan die Parlement en ander forums gedoen (SoS, 2012).

VERWYSINGS

African National Congress. 1994. Reconstruction and Development Programme. Aanlyn verkry by <http://www.nelsonmandela.org/omalley/...> op 1/10/2012.

Batidzirai, D.H. 1999. *A critical analysis of privatisation of the telecommunications sector : the case of Telkom : who benefits, who loses?*. Ongepubliseerde tesis. Universiteit van KwaZulu-Natal. Aanlyn verkry by <http://researchspace.ukzn.ac.za/...> op 1/10/2012.

Calandro, E., Gillwald, A. and Stork, C. 2012. 'Africa prepaid mobile price index 2012: South Africa'. Research ICT Africa. Aanlyn verkry by http://www.researchictafrica.net/docs/SA_Mobile_Prepaid_policy_brief.pdf op 17/05/2012.

Congress of South African Trade Unions. 2002. *Statement on Telkom's report on disconnections*. Aanlyn verkry by <http://allafrica.com/stories/...> op 1/10/2012.

De Lanerolle, I. 2012. *The New Wave*. South African Network Society Project. Universiteit van die Witwatersrand. Aanlyn verkry by <http://www.networksociety.co.za>

Departement van Kommunikasie. 2012. *Cost to communicate in South Africa*. Voorlegging aan die Portefeuljekomitee oor Kommunikasie, 29 Oktober 2012.

Duncan, J. 2012. *Mobile network society? Affordability and mobile phone usage in Grahamstown East*. Ongepubliseerde dokument.

Gedye, L. 2012. *ICASA fails consumers*. Mail and Guardian, 13 April.

Gillwald, A. 2012. *Myth buster on reasons for SA high prepaid mobile pricing*. Research ICT Africa. Aanlyn verkry by http://www.researchictafrica.net/docs/SA_price_policy_brief_responses_FINAL_2_column.pdf op 17/05/2012.

Gillwald, A., Milek, A. and Stork, C. 2010. *Gender assessment of ICT access and usage in Africa*. Volume 12012 Beleidsdokument 5. Aanlyn verkry by http://www.ictworks.org/...Gender_Paper_Sept_2010.pdf op 17/05/2012.

Horwitz, R, ongedateerd. *South African telecommunications: history and prospects*. Aanlyn verkry by <http://www.vii.org/papers/horwitz2.htm> op 1/10/2012.

- I-Net Bridge. 2012. *Vodacom profits increase*. Business Report, 12/11/2012. Aanlyn verkry by <http://www.iol.co.za/business/companies/vodacom-profits-increase...> op 3/12/2012.
- Mail and Guardian. 2011. *Cellphone networks don't measure up, says ICASA*, 1 Julie. Aanlyn verkry by <http://mg.co.za/article/2011-07-01-cellphone-networks-dont-measure-up-says-icasa> op 1/12/2012.
- McLeod, D. 2012. *Consumers shun Telkom's fixed lines*. TechCentral. Aanlyn verkry by <http://www.techcentral.co.za/consumers-shun-telkoms-fixed-lines/...> op 29/11/2012.
- McLeod, D. 2012. *Vodacom hikes dividends on strong results*. Techcentral. Aanlyn verkry by <http://www.techcentral.co.za/vodacom-hikes-dividend-on-strong-results/36190/> op 3/12/2012.
- Moneyweb (2012). *Africa's top 250 companies*, 12/04/2012, Moneyweb, Aanlyn verkry by <http://www.moneyweb.co.za/moneyweb-south-africa/africas-top-250-companies...> op 4/12/2012.
- Mostert, C. 2002. *Reflections on South Africa's restructuring of state owned enterprises*. Friedrich Ebert Stiftung Occasional Paper (5). Aanlyn verkry by <http://library.fes.de/pdf-files/bueros/suedafrika/07164.pdf> op 1/10/2012.
- Muller, R. 2012a. *The real cost of an SMS: operators dodge issue*. MyBroadband. Aanlyn verkry by <http://mybroadband.co.za/...the-real-cost-of-an-sms-operators-dodge-issue.html> op 28/11/2012.
- Muller, R. 2012b. *The true cost of an SMS*. MyBroadband. Aanlyn verkry by <http://mybroadband.co.za/...the-true-cost-of-an-sms.html> op 28/11/2012.
- Naidoo, S. *Complaint to the Competition Commission with regard to the high interconnection rates between mobile operators*. Aanlyn verkry by <http://www.ncf.org.za/...> 7/04/2010.
- Ndlovu, N. 2009. *Cheaper phone rates for South Africa*. MediaClubSouthAfrica. Aanlyn verkry by <http://www.mediaclubsouthafrica.com/...cheaper-mobile-phone-rates-for-sa...> op 9/04/2010.
- Parliamentary Monitoring Group. 2009. *Reducing high interconnectivity rates in South Africa: Briefing by ICASA, Competition Commission & Department of Communications*. Aanlyn verkry by <http://www.pmg.org.za/...reducing-high-interconnectivity-rates-south-africa...> op 30/11/2012.

Pau, L.F. 2011. *Telecommunications in South Africa: who is actually regulating?* Ongepubliseerde skrif. Copenhagen Business School.

Research ICT Africa. 2009. *Public hearing on termination rates; Portfolio Committee on Communications*. Aanlyn verkry by <http://www.pmg.org.za/...public-hearings-measures-reduce-interconnection-rates-day-2> op 30/11/2012.

Research ICT Africa. 2012a. *Mobile use@BoP in South Africa*. Verslag voorberei vir infoDev, Wêreldbank.

Research ICT Africa. 2012b. *SA's mobile termination rate (MTR): what the debate tells us*. Research ICT Africa Policy Brief (2). Aanlyn verkry by <http://www.researchictafrica.net/...> op 30/11/2012.

Reuters. 2012. *MTN profits boosted by South Africa, Iran, Ghana*. Moneyweb. Aanlyn verkry by <http://www.moneyweb.co.za/moneyweb-ict/mtn-profits-boosted-by-sa-iran-ghana...> op 3/12/2012.

Right2Know Campaign. 2012. *Right2Know Campaign policy statement on media, freedom, diversity and the right to communicate*. Aanlyn verkry by <http://www.r2k.org.za/...right2know-campaign-policy-statement-on-media-freedom-diversity-and-the-right-to-communicate/> op 30/11/2012.

Rondanger, L. 2012. *Cellphone price wars*. Daily News, 21 Mei 2012. SoS – Support Public Broadcasting Coalition. 2012. Aanlyn verkry by <http://www.supportpublicbroadcasting.org.za/about/> op 2/10/2012.

South African Advertising Research Foundation. *Cellphone trends*. Aanlyn verkry by <http://www.saarf.co.za/...> op 29/11/2012.

South African Press Association. 2012. *Internet use in SA growing*. Aanlyn verkry by <http://www.news24.com/...Internet-use-in-SA-growing> op 19/5/2012.

Tubbs, B. 2012. *SA's cellphone market defined*. Aanlyn verkry by <http://www.itweb.co.za/...> op 27/11/2012